# Die Christelike Vrou

Januarie/Februarie 2026 Amptelike mondstuk van die NHSV

# Nogtans sal ek jubel

**’n Nuwe jaar het weer stil-stil sy opwagting gemaak en die eerste maand van die nuwe jaar is al verby. Sonder trompetgeskal of groot aankondigings, maar met daardie bekende mengsel van hoop en onsekerheid wat elke Januarie bring.**

Ons maak planne, stel doelwitte en fluister gebede – party hardop, party net diep in die hart. Tog bly die werklikheid rondom ons hardnekkig dieselfde: Die grond is droog, die damme laag, en die landskap dra steeds die merke van ’n lang, moeë seisoen.

Droogte is nie net iets waarvan ons op nuusbulletins hoor nie. Dit lê in die stof op die paaie, in die krakerige gras onder ons voete, in die boere se oë wanneer hulle oor die weer praat. Dis sigbaar in tuine wat sukkel, in lande wat wag, en in mense se gemoedere wat soms net so uitgeput voel soos die aarde self.

En tog: Nogtans.

Dis ’n klein woord, maar een met groot gewig.

Habakuk skryf dit nie uit gemak of oorvloed nie: ...*nogtans sal ek in die Here jubel, sal ek juig in God, my Redder”* (Hab 3:18, AFR83). Hy skryf dit te midde van verlies, vrees en ’n toekoms wat allesbehalwe seker lyk. Geen oes nie. Geen vee nie. Geen sigbare rede vir blydskap nie. Behalwe God.

Soos wanneer jy in ’n dor landskap stap en dink daar is regtig niks meer om raak te sien nie – totdat jy stadiger loop. Totdat jy buk. Totdat jy anders kyk. Dan sien jy dit: ’n enkele groen sprietjie, ’n piepklein blommetjie wat dapper sy kop uitsteek, ’n teken dat lewe nie net verdwyn omdat omstandighede ongunstig is nie.

’n Nuwe jaar vra nie noodwendig van ons om groot verklarings te maak of alles uitgesorteer te hê nie. Miskien vra dit eerder vir ’n stiller besluit: om te kies om raak te sien. Om te kies om dankbaar te wees vir die klein tekens van genade langs die pad. Om te kies om te jubel – nie omdat alles reg is nie, maar omdat God steeds God is.

Ja, op baie plekke is die landskap droog, en op ander plekke oorstroom alles. Ja, die toekoms voel soms broos. Maar dalk lê die uitnodiging van hierdie nuwe jaar juis hierin: om met oop oë en oop harte te leef. Om te glo dat daar, selfs nou, selfs hier, iets is om oor te juig.

Nogtans.

Hannelie



# Nogtans sal ek jubel...



***Kunstenaar: Debbie Clark, VK***

# Nogtans sal ek jubel...

**NHSV Tema**

**Mev Mari-lizé Beukes, voorsitter NHSV Hoofbestuur**

*Al sou die vyebome nie bot nie, daar geen opbrengs aan die wingerdstokke wees nie, die drag van die olyfbome teleurstel, die landerye niks te ete lewer nie, kleinvee uit die kraal verdwyn en geen beeste in die stalle oor wees nie; nogtans sal ek jubel in die Here, sal ek juig in die God wat my verlos. Die Here, my Heer, is my krag, Hy maak my voete soos wildsbokke, op my hoë plekke laat Hy my loop.*
(Hab 3:17-19, AFR2020)

**Sien jy jouself as 'n Nogtans-Christengelowige? Wanneer moeilike tye jou inhaal, donkerte om jou neerdaal en hartseer jou insluk? Wanneer jy die stukke van jouself moet optel, want niemand anders gaan dit vir jou doen nie?**

Die NHSV se tema vir 2026, *Nogtans sal ek jubel*... Habakuk 3:18 (AFR2020), volg op die NHSV se temas van 2024 – *Al het ek geval, ek staan weer op...* Miga 7:8 (AFR2020) – en 2025 – ...*want ek weet op wie ek vertrou...* 2 Timoteus 1:12 (AFR83).

Die boek Habakuk bestaan uit drie hoofstukke waarvan die eerste twee die gesprek tussen Habakuk en die Here weergee, en hoofstuk 3 die gebed van die profeet Habakuk, op die wysie van 'n klaaglied, soos dit baie keer in die Psalms voorkom.

Slegte omstandighede tref goeie mense en goeie omstandighede gebeur met mense wat ons voel dit nie verdien nie. Baie van ons het grootgeword met Halleluja-liedere; Halleluja 245 herinner my aan Habakuk se gebed waar teëspoed hoogty vier:

*As die lewenstorme woedend om jou slaan, en jy gans ontmoedig vrees om te vergaan, tel jou seëninge tel hul een vir een en jy sal verbaas wees oor wat God verleen. As jy ooit gebuk gaan onder sorg en pyn, as die kruis te swaar word en jou krag te klein – tel jou seëninge, dan vlug twyfel heen, en jy sien Gods goedheid laat jou nooit alleen!*

Nogtans-Christengelowiges is nie afhanklik daarvan dat dit met hulle net goed moet gaan, sodat hulle God kan loof nie. *Tel jou seëninge* het al baie mense gehelp om moed te skep wanneer moeilike en donker tye deel was van hul lewens. Wanneer ons bewus word van Jesus se teenwoordigheid in ons lewens, selfs daar waar dit moeilik gaan, staan ons elke keer weer verbaas oor die seëninge in ons daaglikse bestaan.

Die boek Habakuk is 'n besondere Bybelboek van hoop, al weet ons dat die volk Israel 70 jaar lank in ballingskap oorleef het voordat die Here verlossing gebring het en hulle Hom kon aanbid in hul eie land. God wat hoop bring vir Israel ná die ballingskap, sluit ook vir ons vandag die deure oop na *hoop*, en daarom sal ons *jubel* in die Here ons God wat ook vir ons vandag verlossing bring.

Hoe vergelyk jou manier van bid met Habakuk se gebed? Sien jy God raak binne al jou omstandighede? Die genade van seerkry is baie keer om ons nader aan God te bring en sy stem te hoor, sodat dit die geraas van die wêreld kan uitskakel.

Daar waar jy *geval het en weer opgestaan* het, was God in die stilte by jou – wat jy dalk eers later sal verstaan. Jy het weer opgestaan want jy het *geweet op Wie jy vertrou*, jy het geweet dat dieselfde God wat jou gedra het, reeds vir jou wag op die toekomspad. Daarom bid ons soos Habakuk: *Nogtans sal ek jubel…* want God is altyd daar. Hy het nooit jou hand gelos nie. Hy is altyd Immanuel, God met elkeen van ons!

# VERVOLG OOR JOU GELOOF



# VERVOLG OOR JOU GELOOF

**Christene leef in vrees in Jemen** — **Elizabeth Botha, Geopende Deure**

**Jemen is een van die gevaarlikste plekke in die wêreld om Jesus te volg. Islam is die nasionale godsdiens, en die Sjaria-wette is die bron van alle wetgewing. Intussen het 'n tienjarige burgeroorlog die land verder in 'n gevaarlike toestand gedompel. Die helfte van die bevolking staar hongersnood in die gesig, 4,5 miljoen mense is ontwortel, en sommige gebiede word deur ekstremistiese groepe soos die Houthis, Al Qaeda en die Islamitiese Staat beheer.**

Jemen het 'n baie klein aantal Christene en is in die derde posisie op Geopende Deure Internasionaal se 2026 Wêreldwaarnemingslys, 'n ranglys van die top 50 lande waar dit die gevaarlikste is om 'n Christen te wees.

**Stamverwante strawwe vir bekering**
Die Jemenitiese samelewing is sterk Islamities, konserwatief en stamverwant, en die stamverwante strawwe vir diegene wat Islam verlaat, kan die dood of verbanning wees. Die meeste gelowiges, wat weet dat dit uiters gevaarlik is om Jesus te volg, is vanuit 'n Moslem-agtergrond afkomstig.

Aangesien Islam en die staatswette bekering vanaf Islam verbied, moet Christene hul geloof geheim hou of andersins die risiko loop vir ernstige nagevolge vanaf hul families, die owerhede en radikale Islamitiese groepe. Dit kan egskeiding, die verlies van toesig oor kinders, arrestasie, ondervraging en selfs die dood insluit.

*1 uit 7 Christene word wêreldwyd vervolg*

*1 uit 5 Christene word in Afrika vervolg*

*2 uit 5 Christene word in Asië vervolg*



# VERVOLG OOR JOU GELOOF

**Christene leef in vrees in Jemen**

Die humanitêre krisis wat deur die burgeroorlog veroorsaak is, het ook die druk op gelowiges laat vererger. Hoewel noodleniging beskikbaar is, word dit meestal deur plaaslike Moslem-groepe en moskees versprei, wat na bewering teen enigeen diskrimineer wat nie as 'n toegewyde Moslem gesien word nie.

**Meedoënlose vervolging**
Die lewe in hierdie vyandige omstandighede is onuithoudbaar moeilik vir Zahra*, 'n Christenvrou van Jemen. Sy het al enorme gevaar en tragedie weens haar geloof in die gesig gestaar. Aangesien sy in 'n Christenfamilie grootgeword het, het sy sedert haar kinderjare meedoënlose vervolging deurgemaak. Haar lewensreis is egter gekenmerk deur haar moed om haar geloof in 'n vyandige omgewing uit te leef, terwyl sy ander mentor en op God se krag staatmaak.

As 'n volwassene het Zahra voltyds in die bediening ingegaan. Sy en Anis* was sendingvennote in Jemen. Hy het sending onder die mans gedoen terwyl Zahra die vroue bedien het. Sy was versot op hul werk – en dit was uiters suksesvol!

**Doodgemaak weens sy geloof**
Anis het egter eendag 'n dreigende boodskap ontvang. Hy is 'n week later in sy eie huis en voor sy kinders deur ekstremiste doodgeskiet.



# VERVOLG OOR JOU GELOOF

**Christene leef in vrees in Jemen**

Nadat Anis vermoor is, was Zahra oorweldig deur vrees en hartseer. *Die woorde wat op my foon verskyn het, het my tot in my wese geruk: "Anis is doodgemaak." Ek was erg geskok en het vir 'n maand lank nie uitgegaan nie,* sê sy met trane in haar oë. *Sou ek volgende wees?*

**Groeiende ondergrondse kerk**

Zahra het ondanks die dreigemente met haar bediening voortgegaan en aangehou om die evangelie met vroue in Jemen te deel. *Ons bly tussen wolwe, en ons weet dit,* sê sy. *Ek het hierdie pad gekies, en ek weet dat dit tot beproewings lei. Jesus het my pyn, swaarkry en skuld op Hom geneem. Nou is dit my beurt om die kruis te dra.*

Vandag is Zahra een van slegs 'n handjievol mense wat dit waag om die evangelie met Jemenitiese vroue te deel. Om te weet dat Geopende Deure en hul vennote saam met haar staan, maak die verskil – en die ondergrondse kerk groei.

***God het my op hierdie plek geplaas***

*Ek weet soms wanneer ek 'n huis binnegaan om die evangelie met 'n vrou te deel, dat ek dalk nie weer sal uitkom nie,* sê sy. *Maar ek glo God het my op hierdie plek geplaas om 'n impak op die vroue se lewens te maak, hoop te bring en die ware lig van Christus te weerspieël te midde van die aaklige situasie waarin ons leef.*



# VERVOLG OOR JOU GELOOF

**Christene leef in vrees in Jemen**

Sy voeg by: *Ek is vasberade om ondanks die risiko's hier te bly, want ek glo almal verdien om van God se liefde te hoor. Dit bemoedig my om te sien hoe die kerk in Jemen groei, selfs in die geheim! Ons droom saam met God, en ons weet daar is Christene hier wat vir ons Here leef.*

Die geskenke en ondersteuning van Geopende Deure en hul vennote versterk Zahra om haar bediening onder die vroue voort te sit, en dit gee haar die moed om Jesus se boodskap aan te hou deel. Hulle verskaf ook leierskapopleiding aan Zahra – sy is besig met 'n tweejarige kursus deur Geopende Deure – en verskaf voedsel, medisyne, skuilhuise, traumaberading en dissipelskapopleiding aan Jemenitiese gelowiges.

Besoek opendoors.org.za om 'n **GRATIS 2026 Wêreldwaarnemingslys-kaart en top-50-gebedskalender** af te laai om vir vervolgde Christene soos Zahra te bid.

**Name verander weens veiligheidsredes*

***Foto hiernaas:***
***https://www.opendoors.org.za/afr/mediaverklaring-dodelike-aanvalle-op-christene-in-mosambiek/***



***Geopende Deure Afrika is deel van die Geopende Deure Internasionaal-bediening, wat Christene wat vervolg word omdat hulle Jesus dien, in meer as 70 lande wêreldwyd ondersteun en bystaan.***

***Geopende Deure help hierdie Christene met die lewering van Bybels en Christelike literatuur, noodleniging en praktiese hulp soos kos, medisyne, traumasorg, regshulp, skuilhuise en skoolonderrig, besoeke, dissipelskap en opleiding, geestelike ondersteuning, en die verkondiging en bevordering van bewustheid deur voorspraak.***

***Daar is op die oomblik meer as 388 miljoen Christene in meer as 70 lande regoor die wêreld wat hoë vlakke van vervolging en diskriminasie weens hul geloof in die gesig staar (op met 8 miljoen sedert verlede jaar se syfer van 380 miljoen) – 'n rekordgetal, wat een uit elke sewe Christene wêreldwyd verteenwoordig (op vanaf een uit agt vyf jaar gelede). Dit is 'n verhoging van 'n verbysterende 148 miljoen sedert 2018.***

***Dít is die ontstellende bevindings van Geopende Deure Internasionaal se 2026 Wêreldwaarnemingslys (WWL), wat op 14 Januarie 2026 bekendgestel is. Hierdie jaarlikse lys, wat nou in sy 33ste jaar is, bevat die top 50 lande wêreldwyd waar Christene die ergste vervolging en diskriminasie ervaar en skep bewustheid van die swaarkry wat vervolgde Christene elke dag in die gesig staar. Lande word gelys volgens die erns van vervolging en diskriminasie wat Christene wat daar bly, moet verduur.***

# EENDRACHTKRING & BOKMAKIERIES



# EENDRACHTKRING & BOKMAKIERIES

**Eendrachtkring kuier saam**

**Johan (alias Kalla), voorsitter, en Marita Fourie, sekretaris**

**Dit bly ’n besondere voorreg om as Eendrachtkring saam te vergader. Reeds vir die afgelope vier jaar vind ons byeenkomste getrou in Mei en November plaas, en telkens word ons met ope arms ontvang by die gemeente en die NHSV Wonderboompoort.**

Onder die toegewyde leiding van Edith Malan en Patrys du Preez sorg die dames vir heerlike etes wat van elke byeenkoms ’n fees maak. Ons is die NHSV Hoofbestuur opreg dankbaar vir die borgskap van hierdie etes, asook vir die oulike en smaaklike Kerspakkies wat ons weer in November ontvang het. Ons het ook verneem dat die emeriti in die Wes-Kaap dieselfde voorreg geniet.

Tans woon ongeveer 35 persone die byeenkomste by, en die onderlinge uitruil van nuus uit alle oorde is van onskatbare waarde. Die WhatsApp-groep vir emeriti, wat met groot toewyding deur Wilhelm Steyn bestuur word, dien as ’n wonderlike kommunikasieplatform. Meelewing met mekaar se lewensgebeure – vreugde sowel as hartseer – verbind ons oor groot afstande heen. Daar was selfs onlangs ’n boodskap van Miems Claassens-Nel uit Ontario, Kanada, wat hierdie gevoel van verbondenheid versterk het.




Die Eendrachtkring is op 17 September 1986 gestig onder leiding van wyle mev Kotie Viljoen, destydse NHSV voorsitter. ’n Merkwaardige en roerende feit is dat haar eggenoot, dr Christo Viljoen, steeds elke byeenkoms getrou bywoon. Op 92-jarige ouderdom is hy nog aktief op die plaas waar sy geliefde Kotie begrawe lê – ’n stille getuienis van volgehoue betrokkenheid en herinnering.

Tydens die Meimaand-byeenkoms het Frieda van Wyk en haar groep ’n aangrypende *Afrikaans 100*-program aangebied, aangevul met hartlike samesang. Anretha Malan sorg by elke byeenkoms dat hierdie samesang ’n vaste en geliefde deel van die program bly. In November het prof Natie van Wyk sy publikasie *Die uitgebreide liturgiese kalender* met die groep bespreek en saam deurgeblaai.

Die bestuur lê dit ter harte om enige kwelvrae van emeriti deur kundiges te laat toelig. Só dra die Eendrachtkring daartoe by om bande te versterk, gemeenskap te bou en elkeen te help om met ’n ligte gemoed en hoopvolle hart die pad vorentoe aan te durf. Mag ons almal ’n geseënde 2026 tegemoetgaan.

# EENDRACHTKRING & BOKMAKIERIES

**Emeriti-ete: Wes-Kaap**

**Ria Schempers, streekvoorsitter Wes-Kaap**



*29 November 2025 – Wiesenhof, Franschhoek*

**Ook in die Wes-Kaap het die gees van samehorigheid sterk na vore gekom toe emeriti op 29 November 2025 by Wiesenhof in Franschhoek saamgekom het vir 'n heerlike ete.**

Die Emeriti Wes-Kaap – wat met deernis ook as die "Bokmakieries" bekend staan – het hul opregte dank aan die NHSV Hoofbestuur uitgespreek vir die geleentheid om saam te kuier, asook vir die geskenkies wat die dag verder opgevrolik het.

Onder die teenwoordiges was ds Japie en Yvonne Coetzee, dr Chris en Lea le Roux, dr Kálmán en Leoné Papp, Carien Janse van Rensburg, dr Piet van Staden, ds Johan (Jakkals) Janse van Rensburg, ds Piet en Geerdré Uys, en dr Piet en Irma van Zyl. Voor sit tannie Kitty Botha, Wally en ds Tony Simpson.

Met menige *onthou jy nog?* en *in daardie dae…* is daar gelag, gesels en heerlik gesmul aan broodplankies, kos en vrugtesap, afgerond met 'n geurige koppie koffie. Wat egter die sterkste uitgestaan het, was die warm samesyn van oudkollegas – die deel van voorspoed en teenspoed, van lief en leed – en die bevestiging dat gemeenskap oor jare heen bly voortleef.



Goeiemôre Taal Skryf

PRAKTIESE AFRIKAANS

WELKOM WOORDEBOEK

Leksikograaf Leer

Spelling AFRIKAANS

# PRAKTIESE AFRIKAANS

Afrikaans e-poskosyn

Lees janblom Sê

Goeienaand Spelling

LETTERKUNDE

Vrae WELKOM

Goeiedag

# PRAKTIESE AFRIKAANS

**Tessa Oppermann, Gemeente Rooihuiskraal**

**Verskillende tale en taalgebruikers beïnvloed mekaar, want geen taal kan in 'n lugleegte bestaan nie. Die strewe na taalsuiwerheid of taalpurisme is dus meestal 'n ideaal en nie realiseerbaar nie.**

Tog moet daarteen gewaak word om woorde, frases en uitdrukkings summier direk te vertaal. Ons kyk na Engelse televisieprogramme, luister na Engelse gesprekke en lees Engelse publikasies, en wanneer ons dan iets daarvan wil weergee of oorvertel, doen ons dit dikwels in daardie selfde Engelse idioom.

Wanneer woorde en uitdrukkings direk vertaal word, het ons te doen met leksikale en idiomatiese anglisismes – soms subtiel, maar soms ook heel maklik uitkenbaar.

- Die motor se *brieke* (Eng *brakes*; in plaas van *remme*) het ingegee.
- Daar is *vry kaartjies* (Eng *free tickets*; in plaas van *gratis kaartjies*) beskikbaar.
- Sy het *in tyd* opgedaag (Eng *in time*; in plaas van *op tyd* of *betyds*).
- Sy *kyk agter* die kinders (Eng *looks after the children*; in plaas van *sy kyk na die kinders* of *sy pas die kinders op*).
- Die *vet is in die vuur* (Eng *the fat is in the fire*; in plaas van *die gort is gaar* of *die poppe dans*).
- Dit is nou maar *hoe die koekie krummel* (Eng *the way the cookie crumbles*; in plaas van *dit is nou maar eenmaal so*).

Onthou ook:

- *as sodanig / as sulks*: In Afrikaans gebruik ons woorde soos *sulke* en *sulks*. *As sulks* (Eng *as such*) is egter 'n Anglisisme, en die korrekte Afrikaans is *as sodanig*.
- *baard kweek/groei*: Jy groei nie 'n baard nie, jy kweek dit. Dieselfde met plante. Baarde en plante groei vanself.
- *bril*: Ek dra 'n *bril* (enkelvoud), nie *brille* nie (Eng *I wear glasses* of *a pair of glasses*).
- Die volgende word, anders as in Engels, net in die enkelvoud gebruik: *Uniegebou* (Eng *Union Buildings*); *Augrabieswaterval* (Eng *Augrabies Falls*); *koste* (Eng *cost* of *costs*); *geld* (Eng *money* of *moneys*).
- *geniet iets/jouself*: Die korrekte Afrikaans is om *iets te geniet*, maar nooit *jouself* nie.



**Medewerkers aan hierdie uitgawe:**
**Ds Hannelie Botha (redakteur), Mari-lizé Beukes, Elizabeth Botha, Johan (alias Kalla) en Marita Fourie, Ria Schempers, Tessa Oppermann**
**Taalversorging: Tessa Oppermann**
**Foto's vanaf www.Pixabay.com of https://www.freepik.com of skrywers. Ander grafika van www.flaticon.com**
**Indien jy nie meer *Die Christelike Vrou* wil ontvang nie, stuur asseblief 'n e-pos na admin@nhsv.org.za**

| | | |
|---|---|---|
| www.nhsv.org.za | *Porterstraat 40, Rawsonville, 6845* | diechristelikevrou@gmail.com |
| diechristelike | Christelike Vrou | *082 923 9439* |

***Die opinies van rubriekskrywers weerspieël nie noodwendig die oortuigings en standpunte van* Die Christelike Vrou *se redaksie of die NHSV nie.***